

# Beeld Sport

Maandag | 20 Augustus 2018 | BL.16 | E-pos: sport@sport24.co.za | Facebook: Sport/koerante |

## Irvette wen wedloop, vyf gediskwalifiseer

Daar was drama in die vroue-padwedloop gister in Pietermaritzburg toe vyf elite-atlete gediskwalifiseer is omdat hulle die verkeerde roete gevolg het.

Irvette van Zyl (Nedbank) het die wedloop oor 10 km in 34 minute 26 sekondes gewen. Sy het net tien weke gelede die lewe geskenk aan haar tweede seun.

Jenet Mbhele (Umzimkh) het tweede geëindig in 34.47 en Rutendo Nyahora (Nedbank) was derde in 34.56.

Die voorlopers op die Grand Prix-punteleer, Glenrose Xaba (Boxer) en Kesa Moletsane (KPMG), was twee van die deelnemers wat gediskwalifiseer is. Die ander was Lebogang Phalula (Boxer) en Neheng Khatala en Mamorella Tjoka, albei van Lesotho.

Van Zyl het in 'n voorste groep van vyf atlete gehardloop toe die verwarring by die 5 km-merk ontstaan het. Die atlete moes deur die Mayor's Garden hardloop. Die voorste motors kon nie deur 'n nou hek ry nie, maar 'n motorfiets het die pad aangedui. Van Zyl het die motorfiets gevolg en die ander vier die voorste motors.

Die KPMG-klub het appèl aangeteken. Die jurie het dit egter eenparig van die hand gewys en gesê almal is beroepsatlete wat die roete moet ken. – Sportredaksie